J. VAN DEN BERG, *Het christelijk leven naar de opvatting van John Wesley*, Uitgeverij J. H. Kok N.V., Kampen 1959, 28 blz.

Hierdie werkie is die gepubliseerde „Openbare Les" wat deur Dr. J. van den Berg aan die Vrije Universiteit te Amsterdam op 24 April 1959 gehou is, toe hy die amp as lektor in die Teologiese Fakulteit aldaar aanvaar het. Dr. van den Berg sal aan dié Gereformeerde Universiteit lesings op die vakgebied van die etiek gee. In hierdie „openbare les"

word besonder die aandag gevestig op die invloed wat van John Wesley, die engelse metodis, uitgegaan het op die vormgewing van die christelike lewe.

Een van die redes waarom die etiek van Wesley hier nagegaan word, is vanweë die feit dat die nederlandse teoloë, volgens die skrywer, op verskillende maniere al meer met die engelse teologiese wêreld in aanraking kom en dat hierdie wêreld deur Wesley se gedagtes gekleur is.

Op duidelike wyse word die invloed van die Anglikaanse mistikus William Law, van Luther via die Hernhutters en van Calvyn op die denke van Wesley geskets. Duidelik word egter gestel dat Wesley die groot hervormers Calvyn en Luther in karikatuur geken het. Dit dui meteen die onhoudbaarheid van die stelling aan dat die metodisme van Wesley Calvinisties van aard kon gewees het. Buitendien het Wesley hom doelbewus teen die calvinisme se primêre leerstellings verset.

Vervolgens word Wesley se etiese gedagtes oorsigtelik behandel nl. dat Wesley stel dat die christelike lewe 'n lewe van die liefde is, dat die etiek van Wesley gehoorsaamheid aan die wet as inhoud het en dat die asketisme 'n baie belangrike rol in die inhoud van sy etiek speel. By Wesley gaan dit duidelik om die strewe na die volmaakte heiligheid. Tereg wys die skrywer hier op die feit dat Wesley in sy etiek Pelagiaans-Arminianisties is terwyl hy ook nie van Donatistiese tendense vrygepleit kan word nie.

Hierdie kort samevatting dien om aan te toon hoe belangrik dit is dat hierdie werkie van Dr. van den Berg ook in Suid-Afrika ruimskoots aandag sal geniet. Want hier in Suid-Afrika hoef ons nie eers na ons engelssprekende broeders te gaan om in aanraking met die metodisme wat so totaal anders as die calvinisme is, te kom nie. Andrew Murray en William Robertson het hier in die afrikaanse kerklike bodem die metodisme geplant en dit woeker hier nog welig voort in organisasies soos die C.S.V. en dergelike tot nadeel van ons reformatoriese erfenis. Immers die reformatoriese etiek is veel dieper, ryker en suiwerder as die perfeksionistiese strewe wat John Wesley vanuit sy Arminiaanse standpunt ontwikkel het.

A. D. Pont.